Nie meer in aanhouding van die dood nie

Teks: Handelinge 2: 14 - 36
Teksvers: Handelinge 2: 24

1. Inleiding

Die Here het opgestaan, ja Hy het werklik opgestaan. Soos die Christelike kerk deur die eeue mekaar op hierdie manier gegroet het, groet ons ook mekaar vanoggend met hierdie woorde. Maar wat beteken dit regtig vandag nog vir ons? Om te verstaan wat ons glo en bely rondom die opstanding van Christus uit die dood, gaan ons na die gebruik van gevangenisskap of dan om gevange te hou kyk.

Dit mag dalk vreemd klink om vanoggend hieroor te praat, maar wanneer ons na die woorde in ons teksvers is die nie. Die woord gevange word korrek vertaal in die 83 vertaling omdat die grondteks juis hierdie betekenis vir die woord dra. Om dinge dan verder ingewikkeld te maak, praat ons hier van doodsvonnis of dan soos vers 23 sê om deur kruisiging dood te maak. Wanneer ons na mense gaan soek wat ter dood veroordeel is, gaan soek ’n mens in die begrafplaas na die graf wat verkeerd om is.

’n Mens sal selfs as dit moontlik is in die doderyk wil gaan soek. Maar dit is dan juis die wonderlike boodskap wat vanoggend aan ons geopenbaar word. Wanneer ons Christus in die doderyk sel vir teregstellende mense gaan soek is die sel leeg. Hy is nie daar nie, want ons kan nie die lewende tussen die dooies gaan soek nie.

Tog is die nie alles maar net toevallig so nie. Dit is fyn uitgewerk en beplan volgens die raadplan van God. Maar die feit waarvoor ons vanoggend in verbasing staan die die onvermoë van die dood om gevangenskap te kan volhou. Kom ons verduidelik verder.

2. ’n Onmoontlike vonnis

Regdeur die eeue is die doodstraf die swaarte straf wat ’n hof iemand kan oplê. Om iemand met die dood te straf het geen gelyke of alternatief nie. Dalk verstaan ons dit nie meer so mooi in ’n land waar die doodstraf nie meer opgelê word nie. Maar wanneer ’n mens mooi daaroor nadink raak dit so bietjie duideliker. Die doodstraf kan nie omgekeer word nie, ons weet uit die geskiedenis dat selfs wanneer die vonnis hersien word, en die doodstraf is klaar uitgevoer help dit niks.

Vrydag oggend het ons dit ook hier in die erediens saam herdenk. Dit feit dat Christus juis die doodstraf opgelê is. Want Christus sterf nie in ’n oorlog nie. Hy word nie doodgemaak deur een of ander vyand van die Israeliete nie. Nee, in vandag se wêreld en omgewing sou Petrus se toespraak in ons teksgedeelte as anti-semities beskou word, en waarskyn verban geword het van media platforms af. Maar die waarheid bly dit wat in vers 23b aan ons geopenbaar word: “en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak”

Vir die dissipels en die ander mense wat vir Jesus lief was, was dit baie traumaties. Hulle leier, vriend en geliefde is doodgemaak. En dit maak nie saak of hulle op een of ander manier die oordeel oor Hom kan omkeer nie, Hy sal dood bly, vanuit ’n menslike oogpunt gesien. Christus moet hierdie onmoontlike, en wat vandag selfs as onmenslike vonnis beskryf word, dra.

Al wat dan oorbly, is die versorging van die lyk waarmee Maria en die ander vroue beplan om voort te gaan op daardie betrokke sondag. In Johannes 21:3 sien ons selfs vir Petrus wat hier in ons teksgedeelte die toespraak maak, sê : “Ek gaan visvang”. Hiermee bedoel Petrus dat hy nou maar weer sal terugkeer na sy vorige beroep. Beteken hierdie onmoontlike vonnis wat Christus opgelê is, en wat Hy volbring het die einde van die nuwe Testamentiese Kerk?

3. Die geboortepyne van ’n nuwe lewe

Maar dan sien ons iets nuuts begin gebeur. Hier in diepste donkerte van die doderyk, begin iets nuut. Die taalgebruik in ons teksvers openbaar al iets van hierdie gedagte. Ons sien die woord smarte, en wanneer ons na die woord in die grondteks gaan kyk sien

ons dat dit gewoonlik gebruik word om geboortepyne te beskryf. En juis hierdie gedagte is al vir ons vreemd hier in die doderyk waar ons eintlik te doen het met die einde van die lewe en nie die begin nie.

Maar die term geboortepyn het juis so unieke betekenis, dat ons dit selfs in Afrikaans gebruik om ook ander dinge as net ’n fisiese geboorte van ’n baba te beskryf. ’n Geboortepyn in die figuurlike sin van die woord, beskryf ’n tydelike swaarkry om uiteindelik ’n vreudevolle eindpunt te bereik. Soos die moeder wat swaarkry en pyn beleef tydens geboorte, maar dan so oorstelp is met die vreugde van die nuwe baba dat die pyn skoon vergete raak.

En dit is uiteindelik wat ons ook in die graf van Christus sien gebeur. Daar begin nuwe lewe. ’n Skoon vrye lewe, soos die van iemand wat die straf op sy oortredinge ten volle uitgedien het. Die sonde wat die toorn van die Vader ontlok het is nou weg. Maar dan is dit nie die einde nie. Nee, dit is juis die begin. Die geboorte van ’n nuwe lewe.

Daarom is hierdie lydensgebeure van Christus nie maar toevallig nie. Dit is nie bloot ’n menslike beweging wat uiteindelik nie die mas kon opkom nie. Dit is die plan van die Vader om ons as sondaar mense te verlos. Dit word ook so duidelik geopenbaar in vers 23a: “[23]God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer”. Juis daarom is daar vandag vir die kerk vreugde.

4. Die onvermoë om gevange te hou

Tog bly die belangrikste openbaring uit ons teksvers vanoggend, die magtelose gevangenskap van die dood. Want dit is hierdie aspek van die lyding van Christus wat Petrus so mooi in sy toespraak na vore laat kom. “Dit is vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou”. Ons kan sê die dood is soos ’n trok wat nie effektief kan funksioneer nie. ’n Tronk met oop deure, of geen mure nie. ’n Tronk waar die gevangenis nie binnegehou kan word nie, maar uiteindelik maklik na vryheid kan stap.

Dit is belangrik om te sien dat die dood nie hierdie tipe tronk vir ons was nie. Inteendeel dit is juis waar ons begin het in hierdie preek. Die dood is so effektiewe vonnis dat ’n mens nie daaruit kan los kom nie. Maar in Christus is dit ook vandag vir ons anders. 1 Korinthiërs 15:20 leer ons : ‘[20]Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het”. Eersteling beteken tog duidelik dat daar ook nog sal volg.

Ons word deur die geloof wat die Heilige Gees in ons werk, gekoppel aan Christus. Maar veral gekoppel aan hierdie oorwinning oor die dood. Hierdie opstanding uit die dood. Die dood is ook vandag vir ons ‘n baie oneffektiewe tronk. Want in plaas daarvan om ons ewige opgesluit te hou, het die dood vir ons die voorportaal geword van ’n lewe wat vir ewig in die volle teenwoordigheid van die Here geleef gaan word.

Omdat Christus as eersteling opgestaan het uit die dood, kan ons ook vandag uitroep: “Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel? Dood jy is die tronk wat my nie gevange kan hou nie.

5. Slot

Ons kan vandag op hierdie opstandingsondag, die volgende saamvat. Die mens wat perfek deur God geskep is, is ongehoorsaam aan die Here en val in die sonde. God die hemelse Vader is geheel en al regverdig en moet daarom alle sonde straf. Dit beteken dat die ganse mensdom oor al die eeue oppad was na die gevangeniskap van die ewige dood. Maar dan is die Almagtige Skepper en onderhouer van die heelal ook genadig. Hy kies uit die ganse mensdom, ’n groep mense om te red uit hulle sondige bestaan.

En dan gaan die Vader verder in Sy liefde stuur Hy Sy enigebore Seun om die straf op die sonde te dra. Omdat Sy ennigebore Seun sondevry is het die dood nie ’n houvas op Hom nie. Die dood word oorwin en Christus staan op uit die dood. En dan net daar waar die bose dink dat die einde van die kerk van die Here, is dit juis die begin. Die geboorte van ’n nuwe lewe, skoon en sondevry gewas in die bloed van Christus. Uiteindelik het die bose se beste plan geen houvas op Christus nie.

Dit is dan juis hieroor wat daar vir ons vanoggend troos en hoop is wat alle verstand te bowe gaan. Omdat ons vanoggend kan besef dat ons deel is van die groep uitverkiesde mense waarvoor Christus ook Sy lewe kom aflê het. Ons is deel van die kerk wat net een ewige hoof en leier het ons Here Jesus Christus. Ons as nuwe Testamentiese kerk word gebore uit Christus se opstanding uit die dood. Die dood wat Hom nie kon

gevange hou nie, daarom lees ons hoeksteen duidelik: “ die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” En juis daarom vergader die kerk ook sedertdien op Sondag in plaas van Saterdag.

Ek groet u weer vanoggend met die bekende groet. Christus het opgestaan, ja Hy het waarlik opgestaan.

Amen